STRENG EMBARGO: 18:00 : 1 MAART 1990

STRICT EMBARGO: 18:00 : 1 MARCH 1990

VERGELYK TEEN LEWERING

CHECK AGAINST DELIVERY

UITTREKSELS UIT 'N TOESPRAAK DEUR
MNR F W DE KLERK, STAATSPRESIDENT, TYDENS
'N GESAMENTLIKE SITTING VAN DIE PARLEMENT
OP 1 MAART 1990

south african history archive
SAHA

Sedert my ampsaanvaarding en spesifiek gedurende Desember 1989 het ek aangedui dat kriminaliteit nie in die staatsbestel geduld word nie. Die versekering is gegee dat misdaad, waar dit ookal voorkom, bekamp en oopgevlek moet word. Ek herhaal dit vandag hier in die Parlement.

Die vraag, na aanleiding van bewerings en gerugte oor moordbendes van die Republiek van Suid-Afrika se veiligheidsmagte, was welke metodes gevolg moes word om skuldiges, indien enige, aan die man te bring.

Op 7 Desember 1989 het ek in hierdie verband 'n persverklaring, gedoen. Daarin het ek eerstens soos volg aangehaal uit 'n vorige toespraak:

'Geregtigheid/...



'Geregtigheid moet egter ook so spoedig moontlik geskied. Dit beteken dat ondersoeke so vinnig moontlik afgehandel moet word. Daarna moet oorweging aan vervolging al dan nie deur 'n prokureur-generaal so spoedig moontlik plaasvind. En indien op vervolging besluit word, moet die beskuldigde(s) spoedig voor 'n regbank gebring word.'

Daarna het die persverklaring, onder andere, die volgende bevat:

"Daar was in die afgelope tyd talle versoeke dat die Regering 'n geregtelike kommissie van ondersoek

moet aanstel/...

Apr. 19 '90 15:58 1234 MALLINICK RESS RICHMAN TEL021-217-207 PAGE 02

south african history archive SAHA

moet aanstel om bewerings rondom hierdie aangeleentheid te ondersoek. Die Regering het egter die volste vertroue dat die beproefde en gerespekteerde vervolgingsinstrument van die Staat voldoende sal wees om, met onbevange en objektiewe oordeel, beskuldigdes voor 'n regbank te bring. Dit sal gedoen word sonder aansien des persoons. Daarteenoor kan 'n geregtelike kommissie maande, indien nie jare, neem om tot sy finale gevolgtrekkings te kom. Intussen sou daar 'n klimaat van agterdog en wantroue bestaan wat die land in hierdie stadium van sy geskiedenis nie kan bekostig nie. Dit is essensieel dat hierdie





aangeleentheid so gou moontlik op die mees indringende en regverdigde wyse afgehandel moet word sodat die land, die Regering en die Suid-Afrikaanse Polisie met die belangrike take wat voorlê onbelemmerd sal kan voortgaan. Die bekende uitdrukking 'justice delayed is justice denied' bly steeds geldig.

Ek het 'n lys van mense wat na bewering die slagoffers van polities-geïnspireerde sluipmoorde was, aan die Minister van Justisie oorhandig wat nou as deel van hierdie proses ook indringend ondersoek sal word.



south african history archive
SAHA

Verder het ek kennis geneem dat die Suid-Afrikaanse Polisie reeds 'n aantal ander arrestasies uitgevoer het wat verband mag hou met polities geïnspireerde terreuroptredes, insluitend moontlike moordsake.

Die Ministers van Justisie en van Wet en Orde sal onderskeidelik funksionele sake hanteer. Verder het ek die betrokke Ministers versoek om met die instrumente tot hulle beskikking geen steen onaan=geroer te laat om in strafsake in die algemeen, en in moordsake in die besonder, skuldiges aan die man te bring en te laat verhoor nie."

So is normale/...



So is normale regsprosesse aan die gang gesit en bepaalde vordering is gemaak.

Daar was ongelukkig weinig substantiewe reaksie op beroepe wat deur die Minister van Justisie en prokureurs-generaal gedoen is dat instansies, die media en lede van die publiek met getuienis na vore moet kom om met ondersoeke behulpsaam te wees. Bespiegelings het egter voortgeduur sonder dat wesenlike en substantiewe getuienis na vore gebring is.

Ten einde dus 'n verdere geleentheid te bied vir getuienis, inligting en ondersoek, het ek laat in Januarie 1990 besluit om 'n Kommissie van Ondersoek aan te stel met Sy Edele regter L T C Harms as voorsitter en enigste lid.

'n Verdere/...

Apr. 19 '90 16:00 1234 MALLINICK RESS RICHMAN TEL:031-317-207 PAGE 03

'n Verdere rede wat my genoop het om wel 'r geregtelike Kommissie aan te stel, was inligting wat gedurende Januarie aan my oorgedra is rakende die nou bekende BSB. Ek keer later hierna terug.

Na wat ek verneem, sal die Kommissie binne enkele dae begin om getuienis aan te hoor. Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maa om andermaal 'n beroep te doen dat enige iemand wat 'n bydrae kan lewer tot die Kommissie se taak, onverwyld na vore moet kom. Die Kommissie moet nou geleentheid gegun word om sy taak in die belang van di Republiek en al sy inwoners in die kortst moontlike tyd af te handel.





Ek wil beklemtoon dat die Voorsitter van die Kommissie beklee is met die bevoegdheid om te verseker dat normale regsprosesse nie geïnhibeer word deur sy ondersoek nie. Die bevoegdheid om te verseker dat waar enigsins moontlik, die reg intussen sy gang moet gaan, is deel van die Kommissie se opdrag en dit bly my standpunt dat sake so spoedig moontlik afgehandel moet word.

In die lig van die polemiek rondom die beweerde betrokkenheid van wyle Anton Lubowski as 'n betaalde militêre informant van die Suid-Afrikaanse Weermag en die Minister van Verdediging se versoek in die verband, het ek voorts besluit om die Kommissie se opdrag soos volg uit te brei:



south african history archive SAHA

"Om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die bewering dat Anton Lubowski 'n betaalde agent van die Suid-Afrikaanse Weermag se Militêre Inligting was."

Ek het ook kennis geneem van 'n verklaring van mnr Theo-Ben Gurirab, Swapo se skadu-Minister van Buitelandse Sake, waarin daar 'n beroep op my gedoen word om ondersoek te laat instel na die omstandighede wat tot Anton Lubowski se dood gelei het. Ek het in hierdie stadium daarteen besluit. Om nou hierdie taak ook aan die Kommissie op te dra, sal myns insiens onvanpas wees. Eerstens omdat misdaad in Namibië nie onder die jurisdiksie van Suid-Afrikaanse howe ressorteer nie. Na wat ek verneem, blyk d

verder ook/...



verder ook dat die normale regsproses van 'n ondersoek deur polisie in Namibië so 'n gevorderde stadium bereik het dat lasbriewe vir sekere persone reeds uitgereik is en dat 'n persoon reeds op 18 April 1990 tereg sal staan.

Indien in die loop van daardie saak feite na vore kom wat dui op onbehoorlike Suid-Afrikaanse owerheidsbetrokkenheid, sal ek oorweeg om die opdrag van Regter Harms uit te brei. [redacted]

Furthermore,/...

south african history archive SAHA

Furthermore, I have taken note of the appeal to me by the Honourable Leader of the Democratic Party that I see to it personally that funds made available to the State be utilized properly. Reference was made, in particular, to so-called secret funds.

It is a recognised fact, with which the Honourable Leader apparently agrees, that the security services of countries carry out certain tasks and actions which are of such a confidential nature that they cannot be made public. This necessitates that funds allocated for such purposes be handled and audited in an appropriate manner. I have been advised that auditing procedures now in place, are deemed adequate.





that these funds, too, should be subject to strict control.

As a result of the events in 1978, Parliament introduced stricter controls over such expenditure, according to the then prevailing insight. In this context the Secret Services Account Act, 1978, and a number of provisions of the Exchequer and Audit Act, 1975, as amended in the Auditor-General Act, 1989, are relevant.

These measures are strictly applied. Concerning the project which, among others, includes the CCB, the Auditor-General confirmed in his report in respect of General Affairs for 1988/89 that the



south african history archive SAHA

Special Defence Account (from which the project is funded) had been audited. He did not qualify his auditor's opinion on in any way.

On enquiry the Auditor-General confirmed that this means he is satisfied that the relevant statutory provisions have been complied with.

However, I wish to give the assurance aga that I will not tolerate malpractices within the ambit of the Government and should circumstances so require, I shall not hesitate to take the necessary action Should the report of the Harms Commission show up any inadequacies in the auditing and control systems, they will, of course

receive my/...



receive my urgent attention and the Government will be pleased to consider proposals for improvement. The same applies to inadequacies which may emerge from reports by the Joint Committee on Public Accounts of this Parliament.

I am not prepared to go further than that at this stage. The existing mechanisms of investigation have to be given the opportunity first to complete their work. That is the orderly route to follow.

It is really a pity that the Democratic Party has found it necessary to deal with the questions under discussion in such a sensational manner. While I appreciate their concern, I believe sensitive matters

really should/...

south african history archive SAHA

really should be dealt with more circumspectly.

It is my conviction that nothing should be allowed to stand in the way of the dynamic process of renewal which is in progress. Unwise handling of allegations about political murders and crimes have the capacity to become an obstacle and cast a shadow over exactly that.

Therefore, I wish to appeal to every honourable member. Let us deal with this matter sensibly and in the best interests of South Africa and all its people. I am not asking anybody to cover up anything, let alone to condone any crime.

The truth/...



The truth about crimes and malpractices has to be established and made public. Investigation mechanisms are dealing with this as a matter of urgency and the law will take its course.

Voorts kan agbare lede verseker wees dat ek op generlei wyse party sal wees tot die beskerming van Ministers ten opsigte van wie daar getuienis bestaan van wanpraktyke of misdaad nie.

Die teenoorgestelde is egter ook waar. Ek het vertroue in die Ministers wat ek aangestel het. Hulle is 'n span - en 'n goeie span. Ek is nie bereid om toe te sien dat 'n Minister op onbillike wyse afgetakel en verdag gemaak word nie. Dieselfde geld ons amptenare.

Beide/...

south african history archive SAHA

Beide Minister Malan en genl Geldenhuys het Suid-Afrika met groot onderskeiding gedien. Die land is groot dank aan hulle verskuldig en hulle verdien beter as die ketterjag, wat by wyse van innuendo en gegrond op gissings, teen hulle gevoer word

Dieselfde geld vir ons Veiligheidsmagte.

Ek is trots op ons Veiligheidsmagte en hulle prestasies. Met hulle suksesvolle teen-rewolusionêre optredes van die afgelope jare teen konflik en terreur, het hulle die lewens van baie onskuldige mense gered en vir Suid-Afrika tyd gekoop. Daarom kan ons nou volstoom werk om die nuwe Suid-Afrika polities en ekonomies op dreef te kry.

Ons Veiligheidsmagte/...



Ons Veiligheidsmagte is 'n onontbeerlike element van 'n veilige, stabiele toekoms. Deur hulle as't ware deur veralgemening aan die galg te spyker, word hulle nie net ontmoedig en in onsekerheid gedompel nie, maar word hulle 'n oneer aangedoen wat hulle nie verdien nie. Die beweerde misstappe van 'n klein onderafdeling behoort nie as 'n albatros om die nek van die ganse Weermag gehang te word nie.

Die Regering staan by die Weermag en die Polisie en sê dankie aan hulle vir die uitmuntende diens wat hulle gelewer het.

Oor hulle rol in veranderde omstandighede is perspektief en balans nodig.

Die optredes/...

south african history archive SAHA

Die optredes van die verlede het geskied in 'n bepaalde tyd van spanning en konflik. Ons het nou oorgegaan na 'n nuwe fase waarin ons die probleme van die land by uitstek moet bestuur met politieke en ekonomiese stappe en nie met Veiligheids=magte op die voorpunt nie. Die optredes van ons Veiligheidsmagte moet altyd beoordeel word teen die agtergrond en uitdagings van 'n bepaalde era.

Die profiel wat hulle nou inneem, is gevolglik 'n laer profiel. Dit beteken egter nie 'n swak profiel nie. Ons Veiligheidsmagte moet steeds paraat bly.

As ooit van hulle verwag sou word om weer op omvangryke wyse in te gryp - en ek hoop

nie dit sal/...



nie dit sal nodig word nie - moet hulle kan staatmaak op die vertroue en ondersteuning van die bevolking wat vrede nastreef.

Ten slotte, iets oor my eie posisie. Almal wil weet van wanneer af ek bewus is van die bestaan en aktiwiteite van die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB). Ek lig agbare lede graag in.

Baie gou na my ampsaanvaarding het ek moeite gedoen om my in te studeer, onder andere in die werking van die Veiligheids=magte. Wat die Weermag betref, het ek my tydens 'n uitgerekte dinkskrum vertroud gemaak met hulle binnewerking, bestuurs=probleme, beplanning en organisasie. Die breë beginsels en die breë struktuur van

die Weermag/...

south african history archive SAHA

die Weermag is daar aan my voorgehou. Di
plek van Spesiale Magte - die oë en die o
van die Weermag - is toe ook aan my geste

Kleiner onderafdelings van die baie vertakkinge van die Weermag is nie uitgestippel nie. 'n Organisasie soos die BSB het uit die aard van die saak nie ter sprake gekom nie.

Vroeg in Januarie vanjaar het die agbare Minister van Verdediging my daaroor ingel oor die bestaan van die BSB en bewerings oor die organisasie. Hy het my en 'n paar ander kollegas ook ingelig oor die onmiddellike stappe wat hy doen ter ondersoek van die aangeleentheid. Ek het opdrag gegee dat daar tot die kern van di aangeleentheid deurgedring moet word.

Hierna is ek/...



Hierna is ek en die Kabinet verder ingelig en dit het uitgeloop op die stappe wat ek kort daarna geneem het, soos reeds behandel.

Voorts het ek in November 1989, in die proses van rasionalisering, 'n volledige ondersoek gelas na koverte funksies wat die verskillende vertakkinge van die Veiligheidsmagte - wat die Weermag en die Polisie insluit - uitoefen. 'n Verslag hieroor word binnekort verwag.

My besluit hieroor het ek op 22 November 1989 aan die Kabinet oorgedra.

Dit is my oortuiging dat koverte aksies baie versigtig en ferm bestuur moet word. Ek is van plan, soos blyk uit my optrede tot dusver, om presies dit te versel...

Voorts glo/...

south african history archive SAHA

Voorts glo ek dat koverte optredes tot die allernoodsaaklikste minimum beperk moet word. Daartoe sal ek toesien sodra die ondersoek, wat ek gelas het, voltooi is.

Mnr die Speaker, landsbelang verg dat die huidige polemiek rondom beweerde moord=bendes en die BSB kalm en verstandig hanteer word. Van ons beste regslui en polisie-offisiere is betrek by die ondersoeke. Alles moontlik word gedoen om ondersoeke vinnig af te handel. Die Parlement en die publiek sal van tyd tot tyd ingelig word na gelang vordering gemaak word.

0311V

south african history archive SAHA